JUNIORS

KINDERBEDIENING

Moederkerk | Kruiskerk

Moederkerk is 'n familie-vriendelike gemeente. Ons rus families toe en skep ruimtes waar ouers en kinders mekaar help om te glo. Ons begelei kinders binne hulle verskillende ontwikkelingsfases in geloofsgroei en –ontwikkeling.

Babas (0-2 jaar)

Die babakamer (ou konsistorie aan die agterkant van die kerkgebou) is ingerig as 'n groot babakamer waar ouers saam met hulle babas die diens kan volg op 'n televisieskerm.

Peuter- (3-4 jaar) en Kleuterkerk (5-6 jaar)

In die Kerkhuis (langs die kerkgebou) is daar elke oggend van die skoolkwartaal 'n Peuter- en Kleuterkerk. Peuters vergader in die Bo-vertrek (op met trappe) en die Kleuters in die onderste ruimte. Trudie koördineer die Peuters en Martjie die kleuters.

- Martjie Malan 0783645932
  Martjie11@gmail.com
- Trudie Sandrock 0766882593
  sandrock.trudie@gmail.com

Let wel dat daar geen Peuter- en Kleuterkerk op langnaweke in die kwartaal is nie. Daar word 'n beroep op alle ouers gedoen om hulle hulp van tyd tot tyd aan te bied om die fasiliteerders by te staan.

"LAAT DIE KINDERS NA MY TOE KOM!"

Graad 1-6

Die Graad 1-6's kom Sondae eers kerk toe (09:30) vir 'n kort Kindertyd waarna hulle begelei word tot by die Hofmeyrsaal. Hier ontvang hulle 'n boodskap wat in die eerste kwartaal aansluit by die Sewe weke program en die res van die jaar aansluit by of die Kerklike jaar of deel uitmaak van 'n uitgewerkte kwartaal program. Na afloop van die boodskap verdeel hulle in hulle graadgroepe waar verdere bespreking en of 'n praktiese oefening plaasvind. Ouers en studente tree op as mentors.

Koördineerder: Jan Coetzer * 071 107 4234 * jancoetzer@live.com

SENIORS

JEUG BEDIENING

Moederkerk | Kruiskerk

Graad 7-12 (UP)

"UP" (Unplugged) is Moedergemeente se jeugbediening (Gr 7-12). Kleingroepe vind elke Sondagaand plaas vanaf 18:30-19:00 waarna daar 'n Jeugdiens is (19:00-20:00) met lewendige lofprysing en 'n relevante Bybelse boodskap. Ons Jeugleraar Amos Petersen is verantwoordelik vir hierdie bediening.

amos@moederkerk.co.za

076 191 8867

Belydenisgroep (Graad 11)

Die belydenisklas vergader elke Sondagaand 18:00-19:00 in die Foyer van die Hofmeyrsaal. Jan van Zyl, ons Familie dominee, neem verantwoordelikheid vir hierdie groep saam met Amos. Studente tree op as mentors en lei kleingroepgesprekke.

Daar is vier geleenthede vir die Graad 12's wat verlede jaar in die Belydenisgroep was om belydenis af te lê: 12 Maart, 7 Mei, 6 Augustus en 17 September. Jy moet 3 weke voor die tyd 'n afspraak maak by die kerkkantoor vir 'n persoonlike gesprek met Ds Jan van Zyl en Amos. Hiermee saam moet jy 'n brief inhandig waarin jy sê hoekom jy Belydenis van geloof wil aflê en iets sê oor jou persoonlike geloofsreis. Jou ouers handig ook 'n kort briefie in oor jou geloofsreis. Kontak Jan vir navrae by jan@moederkerk.co.za.

Midweek madness/koffiekroeg

Die geleentheid vind Woensdagaande 18:30-20:00 in die Hofmeyrsaal. Dit dien ook as ons interkerklike platvorm deur die kwartaal.

Graad 12 kleingroep

Elke Sondag aand in die kwartaal het ons, ons graad 12 kleingroep. Dit begin 17:00 by die Hofmeyer in Kerkstraat.

1-2 groepe

Gespreksgroepe vind in die week plaas waar 'n studentementor saam met 2 tieners koffie drink binne 'n veilige vertrouensverhouding.